

DIE HOOGFEES VAN DIE AANKONDIGING VAN DIE HERE

25 MAART

“My hart besing die grootheid van die Here, my gees het hom in God, my redder, verbly, omdat Hy gunstig op sy diensmeisie in haar geringheid gelet het.” (Lukas 1:46-48).

So begin die Magnificat, die groot lofsang van Maria; haar antwoord op die aankondiging van die engel dat sy uitverkies is om die Messias, die Verlosser van die mensdom, in die wêreld te bring. Nege maande vóór Kersfees vier die Kerk hierdie hoogfees as dié oomblik toe die allesomvattende en onvoorwaardelike liefde van God vir sy skepsels vlees begin aanneem het in die skoot van die Geseënde Maagd Maria. Dié blye en hoopge vulde aankondiging weerklink daaglik in die gebedsleuens van gelowiges en Maria se antwoord word ook ons beantwoording aan ons Hemelse Vader vir die gawe van ons eie leuens.